JUAN KOTZE
ATTORNEYS /PROKUREURS
ARAMELI

1st FLOOR/VLOER
IVH CENTRE / SENTRUM
LEEUWPOORTSTRAAT 142 LEEUWPOORT STREET
BOKSBURG
E-MAIL / E-POS: juan@therescueshop.co.za
DOCEX 19, BOKSBURG

P.O. BOX / POSBUS 1314
BOKSBURG 1460
TEL: (011) 892-1018/9
FAX / FAKS: 011-917 3489

Ons verwysing: Mnr Kotze 26 November 2019

Beste Marcel,

NAVRAAG TEN OPSIGTE VAN DIE TOELAAT VAN PERSONE OM MET VUURWAPEN TE SKIET.

1. Jou brief van XX XXXXXXXX 2019 en ons daaropvolgende telefoongesprek het betrekking.

2. **VRAAG OOR DIE GEBRUIK VAN VUURWAPENS DEUR PERSONE WAT NIE (OF NOG NIE), DIE EIENAAR VAN DIE VUURWAPEN IS NIE.**

2.1. Artikel 22 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000) bevat ‘n duidelike antwoord daaroor. Dit bepaal soos volg:

> **“22. Holder of a licence for a firearm may allow nother person to use firearm.**
> *Despite anything to the contrary in the Act but subject to section 120 (5) any person who is at least 21 years of age and the holder of a licence to possess a firearm issued in terms of this act, may allow any other person to use that firearm while under his or her*

immediate supervision where it is safe to use the firearm and for a lawful purpose."

2.2. Dit is belangrik om daarop te let dat die artikel begin met **" Despite anything to the contrary...** " Dit beteken dat hierdie artikel meer krag het as 'n bepaling soos dat niemand 'n vuurwapen mag besit sonder 'n lisensie nie.

2.3. Die wetgewer aanvaar gevolglik dat ouers hul kinders (wat nie lisensies of bevoegdheidsertifikate het nie), kan leer of toelaat om te skiet.

2.4. Dit beteken ook dat ek my vriend met my vuurwapen kan laat skiet (mits ek die ander bepalings in die wet nakom, soos dat dit onder die eienaar se direkte toesig geskiet op 'n plek waar dirt veilig is.)

2.5. Dieselfde sal die geval wees waar julle 'n vuurwapen aan iemand wil verkoop (of verkoop het) en hy voor hy sy lisensie gekry het, met die vuurwapen wil skiet of selfs daarmee wil jag.

2.6. Indien die gelisensieerde eienaar teenwoordig is en die skietery onder sy direkte toesig geskied, waar dit veilig en wettig is om te skiet, is dit wettig.

2.7. **Die enigste uitsondering** is soos wat in art 120 (5) bepaal word, wat bepaal dat niemand 'n vuurwapen mag hanteer indien hy onder die invloed van drank is nie. Julle mag gevolglik nie toelaat dat enigeen wat onder die invloed is, 'n vuurwapen hanteer nie.

3. TEN OPSIGTE VAN DIE VRAAG OOR OF NET OP GEAKKREDITEERDE SKIETBANE GESKIET KAN WORD, DIE VOLGENDE:

3.1. Die Regulasies bepaal dat slegs **skietbane wat vir opleidingsdoeleindes gebruik word,** geakkrediteer moet wees.

3.2. Die aktiwiteit wat jul beskryf, is nie opleiding nie en daarom hoef dit nie op 'n geakkrediteerde skietbaan te geskied nie.

3.3. Daar moet wel in ag geneem word dat dit 'n misdryf is om 'n vuurwapen in 'n beboude of munisipale gebied af te vuur.

3.4. Indien jul skietaktiwiteite op ‘n plaas met die eienaar se toestemming plaasvind waar dit veilig is, sal dit ook wettig wees.

4. WAT VAN DIE VERKOOP VAN AMMUNISIE.

4.1. Die Wet bepaal dat iemand wat nie ‘n lisensie vir die betrokke kaliber vuurwapen het nie, mag nie ammunisie besit nie. Ek stel gevolglik voor dat jul nie die ammunisie “verkoop” nie. Die reëling behoort eerder te wees dat die persoon betaal om aan die aktiwiteit deel te neem. Daar word dan op die skietpunt genoeg ammunisie aan die persooon verskaf om aan die pret /oefening deel te neem. Die oorblywende ammunisie word weer nadat die persoon klaar geskiet het, ingeneem ten einde te verhoed dat ‘n persoon onwettig in die besit is van die ammunisie.

4.2. Indien die deelnemer wel ‘n lisensie het vir ‘n vuurwapen waaruit die ammunisie afgevuur kan word, mag hy daardie ammuniie besit.

4.3. Dit is ook belangrik om die bepalings van jul handelaars lisensie na te gaan. Ek vermoed dat dit sal bepaal dat jul net ammunisie op jul besigheidsperseel mag verkoop. Indien dit die geval is, sal ‘n “verkoop van ammunisie” tydens die pretdag in stryd wees met die bepalings van jul handelaarslisensie. Soveel te meer rede dat dit eerder **ingekleur word as ‘n ‘prys vir deelname”.**

5. **ALGEMEEN**.

5.1. Daar bestaan geen voorskrifte hoe sulke pret skietdae gehou moet word nie. Maak net seker dat jul op ‘n veilige plek skiet en dat die skietery onder die direkte toesig van die lisensiehouer geskied.

5.2. Ek dink dit is ook ‘n goeie idee om deelnemers ‘n **vrywaring** te laat teken teen teen die moontlikheid dat hul hulself of deur iemand anders, raakgeskiet kan word. Anders kan die organiseerder of persoon wat in beheer van die skietery is, siviele aanspreeklikheid opdoen indien hy nalatig was.

5.3. Ek dink dit is ook ‘n goeie idee om persone wat enige drank ingeneem het, nie toe te laat om te skiet of verder te skiet nie. Ek stel voor dat jul vir almal wanneer hul by die byeenkoms opdaag, ‘n papierbandjie (soos wat algemeen by publieke byeenkomste gedoen word) om hul arm laat sit. Sodra daar dan drank aan die persoon bedien word, word die bandjie afgesny. Dit stel die

persoon by die skietpunt instaat om te weet wie het drank ingeneem.

4. **UITNODIGING**.
   Ek hoop die gedagtes help. Laat weet asb indien jul enige verdere inligting benodig.

Die uwe.

JUAN KOTZE